Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 9 NOVEMBER 2016 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl P E Solomons
Rdl O M Stemele
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl

Ander raadslede:
Rdl M A Rangasamy (sluit later by vergadering aan)

Beamptes:
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Finansiële Dienste, mnr M A C Bolton
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdl R F van der Westhuizen open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig. Verlof tot afwesigheid word verleen aan die Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 12 Oktober 2016

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 12 Oktober 2016 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 2 NOVEMBER 2016

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 2 NOVEMBER 2016

5.1.1 MUNISIPALE BESTUURDER EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ADMINISTRASIE, ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE VAN 12 OKTOBER 2016

Geen

7. NUWE SAKE

7.1 AFSKRYF VAN WELSYN LENING VAN ACVV (5/10/1)

[Die Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen, verlaat die lokaal vir die bespreking van die item en versoek die Uitvoerende Onderburgemeester, rdv M S I Goliath, om as ondervoorsitter die item te hanteer.]

Die Direkteur: Finansiële Dienste verduidelik dat die afskrywing van die welsyn lening van die ACVV geskied in opdrag van die Wes-Kaapse Provinsiale Regering per Omsendbrief C10 van 2016 en dat dit geen finansiële implikasies vir die Raad inhou nie.

BESLUIT

(a) Dat die uitstaande lening aan die ACVV van R282 513,85 afgeskryf word soos voorgestel in die aangehegte omsendbrief;

(b) Dat 'n ooreenkoms aangegaan word met die beheerliggaam van die ACVV alvorens die lening in die finansiële stelsel afgeskryf word, en dat die ooreenkoms die voorwaardes soos uiteengesit in skrywe gedateer 11 Oktober 2016, vervat;

(c) Dat die verband gekanselleer word en dat die koste verbonde aan die kansellasie vir die rekening van die ACVV sal wees.

7.2 VOORLEGGING VAN KONSEP VERORDENING INSAKE MUNISIPALE GROND-GEBRUIKBEPLANNING (1/1)

Swartland Munisipaliteit beskik tans oor die volgende dokumente wat grondgebruik-beheer in die munisipale area reguleer, naamlik:

- Swartland Geïntegreerde Skemaregulasies (afgekondig in Provinsiale Koerant, kennisgewingnommer 37 van 20 Maart 2014);

7.2/...

- Swartland Munisipaliteit: Verordening op Grondgebruikbeplanning (afgekondig in Provinsiale Koerant, kennisgewingnommer 211 van 3 Julie 2015).

Nasionale wetgewing deur die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, no 16 van 2013 (SPLUMA) vereis dat 'n geïntegreerde grondgebruikskema vir die munisipale area binne 5 jaar na inwerkingtreding van vermelde Wet geïmplementeer word.

Die aangehegte konsep Verordening op Munisipale Grondgebruikbeplanning, waarvan die Geïntegreerde Skemaregulasies 'n skedule tot die verordening is, is aan die Provinsiale Minister van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning voorsien vir kommentaar. In 'n skrywe gedateer 14 Oktober 2016 ontvang vanaf die betrokke departement word bevestig dat Swartland Munisipaliteit se verordening, met die geïntegreerde skemaregulasies as skedule daartoe, aan die algemene beginsels van SPLUMA voldoen.

BESLUIT (vir voorlegging die Raad op 24 November 2016)

(a) Dat goedkeuring verleen word om die konsep Verordening insake Munisipale Grondgebruikbeplanning aan die Raad op 24 November 2016 vir beginselgoedkeuring voor te lê;

(b) Dat, na beginselgoedkeuring deur die Raad, die konsep verordeninge vir publieke kommentaar vir ten minste 30 dae geadverteer word in terme van artikel 12(3)(b) van die Stelselswet, 2000, sowel as paragraaf 59 van die Swartland Munisipaliteit: Verordening insake die Reëls vir die Hou van Vergaderings in die plaaslike media sowel as op die munisipale webtuiste.

7.3 OORROL AANSUIWERINGSKAPITAAL EN –BEDRYFSBEGROTING VIR 2016/2017 (5/1/4)

Die Direkteur: Finansiële Dienste noem dat die doel van die oorrol aansuiwerings-kapitaal en –bedryfsbegroting ingevolge artikel 28 van die MFMA tweeledig is, om

- besteding van fondse in die kapitaalbegroting wat onbestee was teen die einde van die 2015/2016 finansiële jaar, te magtig;
- ongespandeer staatstoekennings wat reeds deur die Nasionale en Provinsiale Tesourie goedgekeur is ten opsigte van die 2015/2016 finansiële jaar te laat oorrol.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 24 November 2016)

(a) Dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die statutêre vereistes van die MFMA en dienooreenkomstig Nasionale en Provinsiale Tesourie inlig;

(b) Dat dit in ag geneem moet word dat die veranderinge in die begroting geen impak op tariewe het ten opsigte van die 2016/2017 finansiële jaar nie, maar sal lei tot ‘n afname in die tekort van -R 12 797 856 na -R 12 139 579;

(c) Dat dit in ag geneem word dat die 2016/2017 oorrol aansuiweringsbegroting nie 'n impak het op die 2017/2018 en 2018/2019 buite finansiële jare soos goedgekeur op 26 Mei 2016 nie;

(d) Dat goedkeuring verleen word vir die oorrol van ongespandeerde staatstoekennings wat reeds deur Nasionale en Provinsiale Tesourie goedgekeur is ten opsigte van die 2015/2016 finansiële jaar, soos geopenbaar in die finansiële state van die Raad op 30 Junie 2016;

(e) Dat die aangepaste begrotingskedule soos vereis deur die Begroting en Verslagdoening Regulasies goedgekeur word, soos in **Aanhangsel A** uiteengesit;

7.3/...

(f) Dat die Dienslewering – en Begroting Implementeringsplan (SDBIP) toepaslik dienooreenkomstig gewysig word;

(g) Dat goedkeuring verleen word om die kapitaal- en bedryfsbegroting vir 2016/2017 as volg te wysig:

	Oorspronklike Begroting	**Aansuiweringsbegroting**
Kapitaalbegroting:	R 74 689 669	R 75 643 467
Bedryfsuitgawe:	R 654 711 941	R 655 585 750
Bedryfsinkomste:	R 641 914 085	R 643 446 171
Begrote Surplus/ (Tekort):	(R 12 797 856)	(R 12 139 579)

7.4 INKORTING EN PROAKTIEWE BESTUUR VAN UITGAWES (5/14/3/5)

Alle regeringsfere word ingevolge MFMA: Omsendbrief 82 van Maart 2016 aangemoedig om streng koste-beperkende maatreëls in te stel om bedryfskostes te beperk en moet dienooreenkomstig hierop gerapporteer word.

Die verslag fokus daarop dat sedert 2009/2010 – reeds voordat die versoek van die Nasionale Tesourie ontvang is – Swartland Munisipaliteit daarin kon slaag om telefoonkostes met 75.56% te verlaag.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die voortreflike wyse waarop telefoonkostes beperk word, en dat dit as 'n beste praktyk onder regeringsfere beskou kan word.

7.5 NUWE TARIEF: DAGSORG SENTRUMSAANSOEKE (5/4/1/1)

Die Afdeling: Beplanning is in proses om dagsorgsentrum in die munisipale gebied te ondersteun om die korrekte grondgebruike te bekom. By die onlangse Vroeë Kinderontwikkeling (*ECD)*-forumvergadering is die aandag daarop gevestig dat hierdie fasiliteite nie die grondgebruikaansoekgelde kan bekostig nie, wat ±R10 000 beloop.

'n Verlaagde tarief word in die verslag tot die sakelys gemotiveer, en word genoem dat een van die voordele is dat die dagsorgsentrums dan by die Departement van Maatskaplike Dienste kan aansoek doen vir die nodige ondersteuning.

BESLUIT (vir oorweging deur die Raad op 24 November 2016)

(a) Die Raad die implementering van die voorgestelde nuwe tarief vir dagsorgsentrums in die Swartland goedkeur:

(i) Vergunningsgebruikaansoek vir dagsorgsentrum : R560,00

(b) Indien dagsorgsentrumeienaars wel die aangrensende/affekteerde eienaars (soos deur die munisipaliteit uitgewys) se toestemming bekom, sodanige aansoek nie onderhewig sal wees aan kostes insake advertensie, publisering in provinsiale koerant en posgelde nie;

(c) Die Afdeling: Beplanning hulle bereid verklaar om dagsorgsentrumeienaars – in groepe – met die voltooing van die aansoeke te ondersteun.

7.6 MENSLIKE HULPBRONNE: WYSIGING VAN RANGSTRUKTUUR: VERKEER EN WETSTOEPASSING MET INGANG VAN 1 DESEMBER 2016 (4/1/1/2/1)

Artikel 66 van die Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels Wysigingswet, 2011 bepaal dat die Munisipale Bestuurder verantwoordelik is om die organisatoriese struktuur te ontwikkel, wysingings ingesluit, waarna dit deur die Raad goedgekeur moet word.

7.6/...

Die doel van die wysiging van die organisatoriese struktuur van die Departement: Beskermingsdienste is om 'n eenvormige rangstruktuur vir alle munisipaliteite in die Wes-Kaap, sowel as die Provinsiale Verkeersowerhede te bewerkstellig.

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 24 November 2016)

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die wysiging van die organisatoriese struktuur van Beskermingsdienste aanbeveel vir voorlegging aan die Raad vir implementering met ingang van 1 Desember 2016.

7.7 MENSLIKE HULPBRONNE: HERSIENING VAN VERSKEIE BELEIDE (4/2/B)

Daar is wysigings aan sekere beleide aangebring om aan die nuwe Kollektiewe Ooreenkoms vir Diensvoorwaardes wat op 23 Maart 2016 vir die SALGBC Wes-Kaap Divisie aanvaar is, te voldoen.

'n Werkwinkel is op 26 Julie 2016 gehou om die wysigings aan die beleide met alle belangegroepe te bespreek en verdere insette te verkry. Beide SAMWU en IMATU het aan die proses deelgeneem.

Die voorgestelde beleide is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die proses wat gevolg is en beide SAMWU en IMATU se betrokkenheid by en deelname aan die proses;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Beleid ten opsigte van Waarnemingstoelae goedkeur vir implementering met ingang van 1 Desember 2016;

(c) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Verlofbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Desember 2016;

(d) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die aangehegte hersiende Oortydbeleid goedkeur vir implementering met ingang van 1 Desember 2016.

7.8 VERSLAG INSAKE AFWYKINGS MET VERWYSING NA DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSPROSESSE IN TERME VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE: 1 JULIE 2015 TOT 30 JUNIE 2016 (8/1/B/2)

Paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid maak voorsiening dat daar in sekere gevalle van die voorgeskrewe prosedures afgewyk mag word, byvoorbeeld vir die aanstel van prokureurs, advokate, stadsbeplanners, en so meer, asook vir herstelwerk aan voertuie by geregistreerde motorhandelaars.

'n Lys van afwykings vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 is ingevolge paragraaf 36(2) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid met die sakelys gesirkuleer, en sal ook in die finansiële state vermeld word.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van dienste gelewer (waar dit onprakties is om die mark te toets) ingevolge paragraaf 2(6) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid vir die periode 1 Julie 2015 tot 30 Junie 2016 met verwysing na afwykings van die verkrygingsprosedures soos voorgeskryf in die beleid.

7.9/...

7.9 BEGROTING VAN UITGAWES AAN HOOFPAAIE: 2017/2018 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die verwagte uitgawes aan provinsiale hoofpaaie word op 'n jaarlikse basis aan die Distrikspadingenieur deurgegee vir oorweging en goedkeuring.

Die voorsitter meld dat die rehabilitasie van Bokomoweg as 'n baie belangrike projek beskou word, veral na afloop van die opgradering van die N7.

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2017/2018 finansiële jaar, soos gelys in die verslag, goedkeur vir voorlegging aan die Distrikspadingenieur.

7.10 ONTWIKKELING VAN SPORTFASILITEITE OP ERF 946, CHATSWORTH: VOORGESTELDE BIODIVERSITEITSAFSETTE (17/11/B, 17/9/2/2/2-2)

Daar word beoog om sportfasiliteite op Erf 946, Chatsworth (groot, 7488 m²) te vestig.

Die munisipaliteit het die firma *Eco Impact Legal Consulting (Pty) Ltd* aangestel om ingevolge die *National Environmental Management Act, no 107 of 1998* (NEMA) 'n omgewingsimpakstudie op te stel. Die ekologiese basislynverslag het bevind dat erf 946 'n baie hoë bewaringswaarde het en word dit in die assessering van *CapeNature* as 'n kritieke biodiversiteitsarea beskou.

As kompensering vir die verlies van die bewaringsgebied in Chatsworth om erf 946 vir sportfasiliteite aan te wend, moet sg. Biodiversiteitsafsetgebiede elders geïdentifiseer word.

BESLUIT

(a) Dat, in ruil daarvoor om Erf 946, Chatsworth te ontwikkel vir die daarstel van sportfasiliteite, die volgende areas as sg. biodiversiteitsafsetgebiede geïdentifiseer word en die Raad hom daartoe verbind om gemelde areas te laat verklaar en te bestuur as bewaringsgebiede in terme van die *National Environmental Management Protected Areas Act, 2003 (NEMPA)* in samewerking met *CapeNature*:
- Klipkoppie (± 250 ha)
- Driehoekspad (± 67 ha)
- Darling Groenekloof: Erf 2271, Darling (15,3746 ha)
- Darling Renosterveld: Erf 4369, Darling (35,1236 ha)
- Yzerfontein: 26 erwe, ± 83,9767 ha groot

(b) Dat die verklaring van bogemelde bewaringsgebiede asook die opstel van bestuursplanne met ooreengekome begrotingsvoorsienings, as Sleutelprestasie-area van die aangewese senior bestuurder geïnstitusionaliseer en ingesluit word in die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan wat tans opgestel word, om nakoming te verseker van bogemelde besluit binne die volgende drie jaar;

(c) Dat beide *CapeNature* en DEADP (Departement van Omgewingsake en Ontwikkelings-beplanning) van die besluit in kennis gestel word.

7.11 VOORSTELLE VIR BESTUUR EN BEDRYF VAN GEBOU BEKEND AS OU KOMMANDO GEBOU TE MOORREESBURG AS VEELDOELIGE SENTRUM (12/1/3/19/1)

Die munisipale gebou te Hoofstraat 6, Moorreesburg – ook bekend as die Ou Kommondo Gebou – is die afgelope paar jaar benut deur Huis van Heerde vir gemeenskapsaktiwiteite.

7.11/...

Daar is deur die Bestuurspan besluit om 'n publieke deelname proses te deurloop om gemeenskapsorganisasies in Moorreesburg uit te nooi om voorstelle in te dien vir die benutting van die gebou as 'n meerdoelige sentrum.

Drie aansoeke is ontvang en is die evaluering daarvan met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

(a) Dit word aanbeveel dat die gebou geleë te Hoofstraat 6, Moorreesburg aan Sinethemba verhuur word om te bestuur as veeldoelige sentrum;

(b) Dat die huurtermyn vir 'n tydperk van 3 jaar sal wees;

(c) Dat die jaarlikse toekenning vanaf die Raad onderhewig daaraan is dat die finansiële state, tesame met 'n jaarverslag aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word;

(d) Dat huurgeld vasgestel word op R100,00 plus BTW per jaar, vooruitbetaalbaar;

(e) Dat die voorgestelde verhuring van die gebou in die plaaslike pers bekend gemaak word vir moontlike kommentaar;

(f) Dat die huurder verantwoordelik sal wees vir die betaling van diensteheffings (water, elektrisiteit, ens.).

7.12 HUUROOREENKOMS: ABBOTSDALE JEUGKLUB (17/9/2/R)

Die Raad verhuur 'n skeepsvraghouer, geleë te erf 213 Abbotsdale, aan die Abbotsdale Jeugklub op 'n maand tot maand basis.

Die huurtermyn verstryk op 31 Oktober 2016.

BESLUIT

(a) Dat ‘n huurooreenkoms met die Abbotsdale Jeugklub aangegaan word vir die huur van die skeepsvraghouer, te erf 213 Abbotsdale, op ‘n maand tot maand basis wat nie 12 maande sal oorskry nie, onderhewig daaraan dat 'n verslag aangaande die bedrywighede van die Abbotsdale Jeugklub aan die einde van die huurtermyn aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste voorgelê word.

(b) Dat die bestaande huurvoorwaardes gehandhaaf word, insluitend die huurtarief, wat onveranderd bly op R10,00 per maand, plus BTW.

7.13 VOORGESTELDE OPHEFFING VAN BEPERKINGS, HERSONERING EN AFWYKING OP ERF 745, YZERFONTEIN (15/3/3-14, 15/3/4-14, 15/3/5-14)

Die opheffing van beperkende titelvoorwaardes van toepassing op erf 745, Yzerfontein is op 16 Maart 2016 aan die Departement van Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning aanbeveel vir oorweging.

Vermelde departement het die opheffing en wysiging van die betrokke titelvoorwaardes op 17 Oktober 2016 goedgekeur en kan voortgegaan word met die oorweging van die hersoneringsaansoek.

'n Aansoek is ontvang vir die hersonering van erf 745 (groot 1005 m²) geleë h/v Hoofweg en Parkstraat, Yzerfontein vanaf enkel residensiële sone 1 na sakesone 2, ten einde 'n sakeonderneming en woonstelle op die perseel te vestig.

Aansoek word ook gedoen om af te wyk van die 3m syboulyn (westelike sygrens) na 2 m.

7.13/...

BESLUIT

A Die aansoek om hersonering van erf 745 (groot 1005 m²) geleë h/v Hoofweg en Parkstraat, Yzerfontein word ingevolge artikel 16(1) van Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985) vanaf enkelresidensiëlesone 1 na sakesone 2 goedgekeur, onderhewig aan die volgende voorwaardes:

A1 STADSBEPLANNING/BOUBEHEER

(a) 'n Sakeonderneming en woonstelle moet op die eiendom gevestig word;
(b) Bouplanne moet aan die Direkteur: Ontwikkelingdienste vir oorweging en goedkeuring voorgelê word;
(c) Gedeeltelike okkupasie kan toegestaan word sodra die grondvloer van die gebou voltooi is, mits alle tersaaklike sertifikate vir daardie gedeelte ingehandig word met inbegrip van die voltooiing van die parkering;
(d) Dat die opheffing van titelvoorwaardes sukesvol teen titelakte geëndosseer moet word;
(e) Ontwikkelaar moet steeds na okkupasie van die grondvloer, volgehoue vordering toon om die res van die gebou binne 'n tydperk van twee jaar te voltooi;
(f) Die handeldryf in voorraad vir grootmaat konstruksiemateriaal word nie toegelaat nie;
(g) Ten minste 9 op-perseel parkeerplekke moet vir die sakegebruik en 3 op-perseel parkeerplekke vir die woonstelle voorsien word;
(h) Die parkeerplekke soos genoem by punt B.1.(e) moet met 'n permanente stofvrye oppervlakte, hetsy teer, beton of plaveisel of 'n materiaal vooraf deur Swartland Munisipaliteit goedgekeur , voorsien word en die parkeerplekke moet duidelik gemerk word;
(i) Voertuigtoegang na die sakegebruik word beperk om slegs vanuit Parkstraat te geskied en toegang na die woonstelle slegs uit Ibisslot;
(j) Die aansoek vir die oprigting van advertensietekens moet aan die Direkteur: Ontwikkelingsdienste vir oorwegewing en goedkeuring voorgelê word;
(k) Beswaarmakers moet per geregistreerde pos op hul reg tot appèl gewys word;

A2 WATER

(a) Die ontwikkeling sal van 'n enkele wateraansluiting voorsien word en geen addisionele wateraansluitings sal voorsien word nie;

A3 RIOOL

(a) 'n Riooltenk met geskikte grootte moet vir die ontwikkelings voorsien word;

A4 VULLISVERWYDERING

(a) 'n Basiese vullisverwyderingstarief sal vir elke besigheid en elke wooneenheid gehef word;
(b) Die vullisverwyderingstarief van die besighede sal aangepas word volgens die hoeveelheid vullis wat verwyder word;
(c) Vullis moet op die naaste munisipale sypaadjie in vulissakke op die oggend van vullisverwydering geplaas word;

A5 ELEKTRISITEIT

(a) Indien die elektrisiteitstoevoer na die perseel opgradeer moet word, sal dit vir die koste van die eienaar/ontwikkelaar wees;

A6 KAPITAALBYDRAES

(a) Die eienaar/ontwikkelaar moet kennis neem van die kapitaalbydrae vir die grootmaat voorsiening van streekswater teen R8 636,64 [(R10 795,80 x 0.5 x 3) - (R10 795,80 x 0.7)]. Hierdie kapitaalbydrae is op bouplanstadium aan Swartland Munisipaliteit betaalbaar. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2016/2017 en kan daarna hersien word. (Posnommer 77-92-86-00-6230);

(b) Die vaste kapitaalbydrae t.o.v. water ten bedrae van R14 554,00 moet op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2016/2017 en kan hierna hersien word. (Posnommer 77-92-86-00-6200);

(c) 'n Vaste koste kapitaalbydrae t.o.v. riool, ten bedrae van R. 7 200,00, moet op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2016/2017 en kan hierna hersien word. (Posnommer 59-76-86-00-6200);

(d) Die vaste kapitaalbydrae t.o.v. strate en stormwater, ten bedrae van R10 726,00, moet op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2016/2017 en kan hierna hersien word. (Posnommer 71-82-86-00-6200);

(e) 'n Vaste koste kapitaalbydrae t.o.v. elektrisiteit, ten bedrae van R8 642,00, moet op bouplanstadium aan hierdie munisipaliteit gemaak word. Hierdie bedrag is geldig vir die finansiële jaar van 2016/2017 en kan daarna hersien word. (Posnommer 83-34-86-00-6200); en

(f) Die Raadsbesluit gedateer Mei 2016 maak voorsiening vir ‘n 40% korting op die kapitaalbydraes van toepassing op Swartland Munisipaliteit. Hierdie korting is vir die finansiële jaar van 2016/2017 geldig en kan daarna hersien word;

A7 ALGEMEEN

(a) Indien die uitbreiding van enige bestaande dienste nodig sou wees ten einde die ontwikkeling van diensaansluitings te kan voorsien, sal dit vir die koste van die aansoeker wees;

A8 DEPARTEMENT VAN VERVOER EN OPENBARE WERKE

(a) Voldoende op-perseel parkering moet voorsien word;
(b) Geen toegang sal vanaf Hoofpad 215 toegelaat word nie;
(c) Die Departement van Vervoer en Openbare Werke as goedkeuringsowerheid ingevolge Artikel 17 van die Ordonnansie op Paaie 1976 (Ordonnansie 19 van 1976), is bereid om die verslapping van die 5 m statutêre boulyn langs Hoofpad 215 toe te staan met 3 m na 2 m, onderhewig daaraan dat Swartland Munisipaliteit verseker dat daar geen dienste of serwitute binne die 5 m boulyn is nie;

B Die aansoek vir ‘n afwyking ten einde af te wyk van die 3 m syboulyn (westelike sygrens) na 2 m, ingevolge artikel 15(1)(b) van Ordonnansie op Grondgebruikbeplanning, 1985 (Ordonnansie 15 van 1985), goedgekeur word, onderhewig aan die volgende voorwaarde:

B1 STADSBEPLANNING/ BOUBEHEER

(a) Die voorgestelde trap en balkon/loopvlak aan die westekant van die gebou wat toegang na twee woonstelle verleen, word nie toegelaat nie;

C/...

7.13/...

C Die voorgestelde grondgebruik word vir die volgende redes ondersteun:

- Die opheffing en wysiging van beperkende titelvoorwaardes sal die potensiaal van erf 745 langs ‘n aktiwiteitstraat, ten einde gemengde sake- en residensiële gebruike te akkommodeer, ontsluit;
- Parkstraat moet in totaliteit as ‘n aktiwiteitstraat bevorder word om lae intensiteit kommersiële aktiwiteite te akkommodeer;
- Die ander erwe met beperkings rakende gebruike en toegang in Parkstraat, beskik oor dieselfde potensiaal vir gemengde gebruike as erf 745;
- Die beperking vir handel met voorraad vir grootmaat konstruksiemateriaal, verseker dat die ritopwekking na- en vanaf die perseel veiliger verkeersbeweging tot gevolg sal hê, siende dat geen vragmotors die perseel sal betree nie;
- Die beperking vir handel met voorraad vir grootmaat konstruksiemateriaal, verseker ook dat die sakeaktwiteit as ‘n lae intensiteit kommersiële aktiwiteit beskou sal word;
- Geen trappe na die balkon/loopvlak aan die westekant van die geboue sal toegelaat word nie. Sodoende word die privaatheid van die aangrensende enkelresidensiële eiendomme beskerm;
- Die aansoek is versoenbaar met die ruimtelike beplanning van Yzerfontein.

7.14 UITSTAANDE DEBITEURE – OKTOBER 2016 (5/7/1/1/MY)

’n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van Oktober 2016.

7.15 VORDERING MET UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.16 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN WEEGBRUG TE HIGHLANDS STORTINGSTERREIN SE BEHEER-EENHEID (6/1/2/1, 8/1/B/2)

Die weegbrug by Highlands Vullisstortingsterrein word op 'n jaarlikse basis gediens/gekalibreer. Dit is noodsaaklik dat die weegbrug voortdurend in 'n werkende toestand is om (1) statistieke by te kan hou van vaste afval wat in- en uitgaan by die stortingsterrein en (2) om akkurate rekeninge uit te stuur vir die hoeveelheid spesiale vullis wat vanaf Bergrivier Munisipaliteit ontvang word.

Die weegbrug se beheereenheid het 'n foutbootskap aangetoon en is die firma, *Weigh-Comm Consultancy (Pty) Ltd*, wat ook die jaarlikse onderhoud doen, genader om die fout te bepaal.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstel van Weegbrug te Highlands Vullisstortingsterrein ten koste van R41 875,86 (BTW uitgesluit) aangesien dit tans as ‘n noodgeval hanteer word;

7.16/...

(b) Dat die beheereenheid se vervanging deur *Weigh-Comm Consultancy (Pty) Ltd* hanteer word;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk kan voortgaan deur *Weigh-Comm Consultancy (Pty) Ltd* vir die bedrag van R41 875,86 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 65-74-30-00-0236;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.17 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: HERSTEL VAN BELUGTER, MOORREESBURG RIOOLWERKE (6/1/2/1, 8/1/B/2)

Die drywende belugter (no 1) by die Moorreesburg Rioolwerke het vasgesteek en veroorsaak dat die elektriese motor uitbrand. Die tekort aan belugting veroorsaak dat die suiweringsproses benadeel word en dat 'n swakker kwaliteit afloop geproduseer word.

Dit is dus as dringend en noodsaaklik beskou dat die belugter so spoedig moontlik herstel word.

BESLUIT

(a) Dat daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die dringende herstel van belugter No 1 by die rioolwerke op Moorreesburg ten bedrae van R34 874,05 (BTW uitgesluit) aangesien die herstel as ‘n noodgeval hanteer was.

(b) Dat die herstelwerk van die belugter deur *GW Trautmann* hanteer word;

(c) Dat kennis geneem word dat uit hoofde van voormelde rede die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen dat die herstelwerk kan voortgaan deur *GW Trautmann* vir die bedrag van R34 874,05 (BTW uitgesluit) en dat die uitgawe aangegaan word teen posnommer 59-76-30-00-0380;

(d) Dat die handeling van die Munisipale Bestuurder dienooreenkomstig gekondoneer word;

(e) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.18 AFWYKING VAN VOORGESKREWE VERKRYGINGSPROSEDURES: AANSTELLING VAN *ROD WARNER ASSOCIATES CC* VIR OPLEIDING VAN PERSONEEL (4/6/2, 8/1/B/2)

Mnr Rod Warner van *Rod Warner Associates cc* het ‘n opleidingsprogram genaamd “*Building Resilience: Strength for Life*” ontwikkel vir werknemers wat op die unieke Suid-Afrikaanse werkomgewing gebaseer is.

Aangesien die program reeds met groot sukses vir die nuwe Raadslede en Direkteure en afdelingshoofde aangebied is, is mnr Warner genader om dieselfde opleiding vir nog twee groepe te kom aanbied.

Besluit/...

7.18/...

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem en die optrede van die Munisipale Bestuurder gekondoneer word met betrekking tot die aanstelling van *Rod Warner Associates cc* vir die aanbieding van sg. *Resilience Training*-sessies vir personeel gedurende November 2016, en daar van die voorgeskrewe verkrygingsprosesse afgewyk word vir die volgende redes:

- Mnr Warner 'n alleenverskaffer van die diens is, en dit baie moeilik en onprakties sal wees om spesifikasies saam te stel vir doeleindes van evaluering in die lig van die feit dat die program gebaseer is op unieke werkomgewingstudies deur die diensverskaffer;

(b) Dat die aanstelling gedoen word ten bedrae van R59 979.48 (14% BTW ingesluit) en teen posnommer 11-48-52-00-3428 (Training: Efficiency Development) in die 2016/17 begroting verreken sal word;

(c) Dat die Bestuurder: Finansiële State en Beheer in terme van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid opdrag gegee word om bovermelde redes as nota by die finansiële state in te sluit, wanneer die betrokke state opgestel word.

7.19 AANSOEK OM VAKANSIEVERLOF DEUR MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKTEURE (4/8/3)

Die Uitvoerende Burgemeester het die bevoegdheid om die verlof van die Munisipale Bestuurder goed te keur.

'n Verlofskedule van die direkteure is met die sakelys gesirkuleer om aan te dui watter direkteure beskikbaar is om waar te neem.

BESLUIT

(a) Dat die aansoek om verlof van die Munisipale Bestuurder vir die volgende dae goedgekeur word, naamlik:

- 19 Desember 2016 tot 11 Januarie 2017 (15 dae)

(b) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste gedurende voormelde tydperk sal waarneem as Munisipale Bestuurder, en indien, om welke rede ookal die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste nie beskikbaar is nie, die Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste sal waarneem.

7.20 YZERFONTEIN: VERHOGING VAN ESKOM VERKLAARDE MAKSIMUM-AANVRAAG (16/2/3/1/2) (WYK 5)

'n Aansoek is aan Eskom op 25 April 2016 gerig om die grootmaatvoorsienings-kapasiteit van Yzerfontein vanaf 2.5MVA te verhoog na 3.5MVA. Dit is noodsaaklik om die maksimum aanvraag te verhoog om nuwe ontwikkelings te akkommodeer, sowel as elektrisiteitsvoorsiening aan die voorgestelde datasentrum.

Eskom het egter aangedui dat aangesien die voorgestelde datasentrum binne 'n Eskom gelisensieerde voorsieningsgebied geleë is, Eskom direk elektrisiteit aan die datasentrum sal voorsien.

'n Kwotasie is derhalwe deur Eskom gelewer vir 'n verhoging van 0.5MVA.

BESLUIT

(a) Die begrotingskwotasie en voorwaardes van Eskom vir die verhoging van die verklaarde maksimumaanvraag van Yzerfontein vanaf 2.5 tot 3.0 MVA aanvaar word;

(b)/...

7.20/...

(b) Die Eskom “Distribution Standard Connection Charge” van R71 461.79 (BTW uitgesluit) (R81 466.44 BTW ingesluit) ingevolge die begrotingskwotasie aan Eskom betaal word teen posnommer 833438000423;

(c) Dat ‘n aansoek aan Eskom gerig word om die sekuriteit van R582 000.00 wat versoek is te heroorweeg, en indien Eskom nie bereid is om daarvan af te sien nie, dat die sekuriteit aan Eskom voorsien word.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER